CLEAN AUDITS SINCE 2010/11

SWARTLAND
Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

*Ons gee gestalte aan 'n beter toekoms!*
*We shape a beter future!*
*Sibumba ikamva elingcono!*

Lêer verw/ File ref: 15/3/10-3/Erf_3568

Navrae/Enquiries:
Mnr AJ Burger

14 September 2021

D Smit
Posbus 112
DARLING
7345

Vir aandag: Danielle Smit daniellesmit612@gmail.com

**Per Geregistreerde Pos**

Meneer/Dame

**VOORGESTELDE WYSIGING VAN GOEDKEURINGSVOORWAARDES RAKENDE 'N VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 3568, DARLING**

U aansoek gedateer 7 September 2021, namens JOK Smit, het betrekking.

Uit hoofde van die bevoegdheid wat ingevolge Raadsbesluit 4.1, gedateer 28 Maart 2019, aan die Senior Bestuurder: Bou-Omgewing gedelegeer is, soos bepaal deur artikel 79(1) van Swartland Munisipaliteit: Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning (PK 8226 van 25 Maart 2020), word die aansoek om die wysiging van goedkeuringsvoorwaardes rakende 'n vergunningsgebruik op erf 3568, Darling ingevolge artikel 70 van die Verordening, goedgekeur soos volg:

Goedkeuringsvoorwaarde 1(b) van die besluit gedateer 4 Maart 2020 lees tans soos volg:

*"...1(b) Die ruimte wat toegewy word en verband hou met die tuisberoep beperk word tot 'n maksimum van 36m² soos voorgehou in die aansoek..."*

Goedkeuringsvoorwaarde 1(b) soos volg gewysig word:

*"...1(b) Die ruimte wat toegewy word en verband hou met die tuisberoep word tot 'n maksimum van 45m² beperk soos voorgehou in die aansoek ...", wat impliseer dat die tuisberoep hierheen skuif en dat die bestaande tuisberoep ruimtes weer as deel van die woonhuis aangewend word*

Let daarop dat alle ander goedkeuringsvoorwaardes van die goedkeuring gedateer 4 Maart 2020 bly onveranderd.

Die uwe

**MUNISIPALE BESTUURDER**
per Departement Ontwikkelingsdienste
AJB/ds

Afskrif: Boubeheer Beampte